# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent Aftreeoord Retirement Village



h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475



**VOLUME 19** **FEBRUARIE / MAART 2025**


***From the Editorial team****:*

*With Valentine's Day being celebrated on the 14th, February is generally known as the month of love. Sadly, this annual event has come to be exploited for commercial gain in the same way as Easter and Christmas. Millions are spent on cards, flowers, and other gifts that are sent (often anonymously) to convey the message "I love you". Yet, gestures to remind our loved ones how precious they are to us should not be confined to one day per year; not a single day should pass without such gestures, words, or actions.*

*In this issue (see page 8) we focus on perhaps the most meaningful way of showing love – providing the support our life companion will need in an emergency, like unexpected hospitalisation or our own death*.

"**Afrikaans 100**" – ja, vanjaar vier ons as Afrikaanssprekendes (sowat 10,6% van die totale bevolking van Suid-Afrika, volgens die 2022-sensus) 'n volle eeu van Afrikaans as amptelike taal. In hierdie uitgawe deel ons graag met ons lesers 'n paar interessante feite oor die geskiedenis en die inisiatiewe wat gelei het tot die erkenning van Afrikaans, in 1925, as amptelike taal van die destydse Unie van Suid-Afrika.

**Voorsittersbrief**:

Welkom in die laaste somermaand en die eerste in herfs. Dis 'n doodgewone Februarie (nes 3 uit elke 4 Februaries) met 4 Saterdae, 4 Sondae, 4 Maandae, 4 Dinsdae, 4 Woensdae, 4 Donderdae en 4 Vrydae. *Diarise the 20th of March – the 'equinox', when the day length is equal to that of the night.* Die woord *equinox* is ontleen aan die Latynse *aequus* ("gelyk") en *nox* ("nag") – of in Engels dan "*equal night*".

***You don't stop laughing when you grow old; you grow old when you stop laughing.***

**– George Bernard Shaw**

Tuissorg, klinieksorg en noodsorg in ons Oord was binne vier dae weer op gladde waters ná die getygolf wat ons op 31 Oktober verlede jaar getref het (met die vertrek van Retire at Home). Op 28 November het die lede ('n 56% kworum) die trustees opdrag gegee om die moontlikheid te ondersoek dat Sr Maricel Potgieter 'n sake-entiteit kan saamstel, om as gesondheidsdiensverskaffer te kwalifiseer. *Proposals have been prepared by Sr Maricel, including a theme change for the Care Unit. It involves initiatives to upgrade the facility, to provide a more sophisticated, friendlier and home-like experience to clients.* 'n Spesiale Algemene Vergadering is vir die 4de Februarie geskeduleer, sodat lede kan besluit oor die pad vorentoe.

(vervolg op p.2)



Saam met die kennisgewing van hierdie SAV (*Special General Meeting – SGM*) is die voorlegging wat Maricel op 20 Desember aan die Raad van Trustees gedoen het, aan al die lede van die Olive Crescent regspersoon beskikbaar gestel.

Tydens hierdie vergadering het die lede ('n 54% kworum) eenparig gestem ten gunste van die voorstel dat Sr Maricel se te stigte sake-eenheid aangestel word as diensverskaffer vir bejaardesorg in ons Oord.

Aksiestappe wat uit hierdie besluit voortvloei, word in die SKD-verslag (bladsy 3) uiteengesit.

Begroting is weer aan die orde. Trustees oorweeg elke aktiwiteit onder hul beheer – bepaal of die volumes verander het, oorweeg tot watter mate dit die behoefte van inwoners bevredig.

Inwoners wat vrywillig deelneem aan aktiwiteite in die Oord kan nou met die betrokke Trustee skakel, vir doelmatige voorsiening in die begroting.

*February is the month for negotiations with service providers. Cost escalations are of vital importance in establishing the financial scene for the ensuing financial year. An agreement with Reef Caterers was reached in November, leaving discussions with Jomo and Millennium Body Guards still to be done.*

Groetnis Arie Korf – Eenheid 57 – 082 450 6959

## *CORPORATE MATTERS* KORPORATIEWE SAKE

### ***Management Rules – Budget***

*34.2 Unless otherwise decided at a general meeting the financial year of the body corporate shall run from the first day of May of each year to the last day of April of the following year.*

*67.1 Prior to the commencement of every financial year of the body corporate, the trustees shall cause to be prepared an itemized budget of the anticipated income and expenses of the body corporate for the ensuing financial year, which budgets for the administrative and reserve funds comprising itemized estimates of the anticipated income and expenses during the next financial shall be laid before the annual general meeting for consideration in terms of rule (42) hereof.*

*65.3 Where the financial year-end and the annual general meeting of a body corporate do not coincide, the budget shall coincide with the financial year of the scheme.*

## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#25, #64, #81) Eenhede verkoop: 0

Eenhede te huur: 1 (#79) Eenhede verhuur: 0

Reef Caterers – etes voorsien: November 1042; Desember 885

## TEGNIES – SKT

Die nuwe jaar skop af met heelwat bedrywighede vir die SKT-span. Oor die afgelope twee maande het die werk in die sorgsentrum feitlik al ons beskikbare werktyd in beslag geneem en ons is bykans klaar met wat benodig word.

Intussen is die struktuurherstelwerk goedgekeur en daar is besluit om die volledige evaluering van die hele oord te laat oorstaan totdat die nuwe finansiële jaar afskop. Sodoende vergemaklik dit die beplanning en reëling van hierdie belangrike vereiste deur dit te sinkroniseer met die begroting.

Daar is ook reeds begin met die beplanning van die werksaamhede vir die nuwe finansiële jaar se werksaamhede, veral met betrekking tot die sogenaamde Tienjaarplan. Van die belangrikste projekte sluit in die eetsaal en sitkamer/biblioteek, die staalstrukture en die houtplankies van die tuinhekkies.

Die verfprojek (soos dit voorheen bekend gestaan het) sal in die nuwe begroting beduidend kleiner wees, omdat die meeste van die eenhede in ’n goeie toestand verkeer. Waar nodig sal die gewone prosedure gevolg word om te verseker dat die vereiste standaard gehandhaaf word.

Die klagteboek bly steeds ’n belangrike kommunikasiemiddel om te verseker dat ons inwoners deurentyd gelukkig en tevrede kan wees met die voorkoms van hul eenhede.

**Anton Joubert**

## DIENSTESENTRUM – SKD

**Gesondheidsorg**:

Ten einde gevolg te gee aan die eenparige besluit van die OC regspersoon (SAV, 4 Februarie 2025) naamlik om Sr Maricel Potgieter aan te stel as diensverskaffer vir bejaardesorgdienste in die oord, moet die volgende aksiestappe gevolg word:

Tenders vir Bejaardesorg in Olive Crescent sal nie aangevra word nie.

Maricel Potgieter se voorstel van ’n maatskappystigting saam met Jaco van Zyl word aanvaar.

Die maatskappy moet binne 7 dae gestig word.

Die onderhandelde terme van ooreenkoms in paragrawe 2 tot 5 word goedgekeur.

Die aanstelling moet vir 5 jaar geld, hernubaar.

Trustees moet voortgaan met die afhandeling van die kontrak.

Die RvT-voorsitter en die Trustee: Dienste sal die kontrak onderteken.

Die (nuut-opgeknapte) Sorgeenheid sal op 1 Maart heropen.

**Spyseniering**:

’n Nuwe elektroniese stelsel vir ete-bestellings deur die inwoners is deur Reef Caterers in werking gestel met ingang 1 Februarie. Dit vervang die huidige papiergedrewe stelsel, wat baie omslagtig is en ’n ekstra administratiewe las op die werkers geplaas het. Inligting-/opleidingsessies is vir al die inwoners gehou, en handleidings is beskikbaar gestel – *How to load Golden Spoon & use it*.





## INWONERSAKE – SKI

Die ouderdom is ’n blikslater ...

Hy bekruip jou, soos droogte in die Boesmanland. Stadig ... maar seker.

Hy maak jou krom, hy maak jou stom. Hy maak jou vergeet.

Hy knibbel stomp-tand aan eergister se onthou. Hy stroop die bas van jou onthouboom.

Hy los jou alleen, met net gedagtes. Wat jou terugvat na jou jonkweesdae.

Maar die ouderdom maak jou ook astrant. Soms neuk hy stroom-op met jou.

Na daar waar jy weet jy nie eintlik moet gaan krap nie, want dis die plek van die Groot Nostalgie.

Wanneer jy sonder dat jy wou, skielik daai ou droë heimweeboom begin klim.

Ja, hoog in die takke is jy. Jy raak dik gedrink van die verlange se waters.

Jou kinderjare, skoolgaanjare, bok-bok staan styf jare, jonk verlies jare ...

Soms praat jy met jouself, saggies ... of so dink jy,
want jou ore hoor nie meer soos destyds nie, al is hulle nou groter.

Ja, jou gesig krimp, maar jou neus en ore word groter. Jou tande raak stomp en jy word lomp.

Ouderdom is soos ’n steeks donkie, hy briek jou. JY wil, maar jou bene steek vas.

Viervoet vat hy jou vloer toe, loopraam toe, soos ’n kind.

Só stroop hy jou selfvertroue. Gister se bravade maak plek vir vandag se bang.

Ouderdom steel jou onafhanklikheid, jou karsleutels, jou lisensie, ander se genade.

Jy word sag, weerloos, eensaam en dit laat jou huil oor alles en sommer oor niks.

Ouderdom laat jou spog, te veel, oor die kleinkinders, MAAR dit lawe jou siel.

Saam met die jare se grysheid, kom daar darem ook ’n bietjie wysheid en diep dankbaarheid vir gespaarde jare EN om na jou kinders te luister.

Klink BG bekend? Dan is jy in goeie geselskap.

Onthou ons is hier vir jou/julle!

**Gezina Lombard**

## SEKURITEIT – SKS

Daar is sekere maatreëls ingestel om u veiligheid te verseker met ons toegangsbeheer by die hek. Met die interkomstelsel is u in beheer van wie die kompleks binnekom. Daarom is dit belangrik dat u vertroud is met die toegangsprosedures.

Besoekers moet verkieslik die interkomstelsel gebruik. Indien nie, moet hulle die die besoekersregister teken. Die wagte mag nie net die hek vir hulle oopmaak nie.

Daar is steeds inwoners wat om een of ander rede nie die maatreëls volg nie. U samewerking hierin, in ons almal se belang, word waardeer.

*We appreciate that Millennium Body Guards made Ephraim available during the time Kenneth needed to recover from burns he sustained due to an accident with boiling water.*

*Kenneth, we are glad to see you back in the guard house at the entrance gate.*

**Piet van Deventer**

## OMGEWINGSAKE – SKO

Ten opsigte van tuindienste in ons Oord word die volgende weer onder inwoners se aandag gebring:

Alle tuine (private asook gemeenskaplike tuine) in die Oord is volgens grootte geklassifiseer in een van drie groottegroepe, naamlik klein (K), medium (M) en groot (G).

Die hoeveelheid werk verbonde aan die versorging van elke bepaalde tuin deur die betrokke tuinwerker, is as maatstaf geneem vir die toedeling van werktyd aan daardie tuin, te wete:

20 minute tyd per klein (K) tuin; 40 minute per medium (M) tuin; en 60 minute per groot (G) tuin.

'n Inwoner mag nie van die tuinwerker vereis om langer as die toegedeelde tyd aan sy/haar tuin te spandeer nie. Dit sal veroorsaak dat die tuinwerker laat opdaag vir sy werk by die volgende inwoner(s), wat lei tot ongelukkigheid en klagtes deur inwoners.

Daar word spesifiek in die "Rooster vir Tuindienste" (wat op die kennisgewingbord in die eetsaal ter insae is en ook per e-pos aan inwoners uitgestuur is) voorsiening gemaak – op Woendagmiddae en Vrydae – vir take wat meer tyd vereis het as die toegekende tyd, en vir spesiale take en versoeke.

Die benutting van tuinwerkers vir hierdie take moet egter vooraf met die Trustee: Omgewingsake (071 195 2707) gereël word.

**Roelf van Tonder**

## LIEF & LEED — *LOVE & LOSS*



### *In memoriam*

Coosie van Coller (tot Oktober 2024 nog van #64) is vroeg in Desember oorlede.

Rachal Swartz (vroeër van #81) is op 8 Januarie vanjaar oorlede.

Ons betuig hiermee ons meegevoel met Coosie en Rachal se naasbestaandes.



**Ons hartlike gelukwense aan die inwoners wat in Februarie en in Maart verjaar –**

**Marie van Dyk – # 14 (05/02)**
**Irene Botha – # 51 (06/02)**
**Rina Smith – # 10 (08/02)**
**Jenny Bell – # 63 (14/02)**
**San van Kleef – # 43 (23/02)**
**Neels Munnik – # 61 (26/02)**
**Anthony Bell – # 63 (27/02)**

**Atilla Jacobs – # 36 (03/03)**
**Helene Schuurman – # 20 (10/03)**
**Ronnie Stanton – # 1 (18/03)**
**Calipie Calitz – # 74 (21/03)**
**Aggie Calitz-Jordaan – # 67 (24/03)**





Prayer of an Oldie (upon entering an old age home)

It is the end of a long day for me, Lord. Now, at last, I am in these new surroundings, after all the trauma of packing up and leaving the home in which I have lived for so long. I am too tired to say much now, Lord, but you know all about it.
You know that my heart is at breaking point.
Help me, Lord. Give me the strength to face this new way of life. It's not going to be easy. I am so conscious of my own weakness and anxiety, and I'm more than a little tearful. I know you are by my side every step of the way. Thank you, Lord.
You care about every detail of my life, Lord Jesus. I know that and am so grateful to you. But Lord, being suddenly in such a large group of my peers at one time and in one place is quite a shock. As I look around me, I am reminded so vividly at every turn of what the passing years are almost sure to bring – and what I see is not comforting and makes me afraid. Help me, Lord. Show me how to cope with this stage of life. Thank you for friendly faces and bright smiles about me. Thank you for those residents who are cheerful and positive. What a difference they make, O Lord. Thank you, God, for those in charge and those on the staff of this home who really care. Theirs is a difficult job without much reward, but their caring really makes a difference to us who live here. We can sense genuine care so clearly. Help me to show them my appreciation.

And Lord, in every phase of life, all praise and glory to you. AMEN

(from: Alida Ball, *Thank you, God*, p.38)

## AFRIKAANS 100

Die **Genootskap van Regte Afrikaners** (GRA) is op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig deur 'n groep Afrikaanssprekendes, meestal van Hugenote-afkoms. Die stigterslede was Gideon Malherbe, die Nederlandse immigrant CP Hoogenhout, DF du Toit (met die bynaam *Dokter*), 'n joernalis genaamd Daniël Francois du Toit (met die bynaam *Oom Lokomotief*), sy broer, ds SJ du Toit (pa van die digter, teoloog en Bybelvertaler DF du Toit – oftewel *Totius*), August Ahrbeck, Petrus Malherbe en SG du Toit. Ses van hierdie agt, d w s almal behalwe Hoogenhout en Ahrbeck, was familie van mekaar.

Arnoldus Pannevis, 'n onderwyser, word egter as die eintlike "vader" van dié beweging beskou. Hy publiseer in 1874 'n artikel in die joernaal *De Zuid-Afrikaan* onder die titel "Is die Afferkaans wesenlijk een taal?" Hierin dui hy aan hoe Nederlands hier te lande oor 200 jaar verander het, met invloede van ander Europese immigrante sowel as die Khoikhoi en Kaapse Maleiers.

Die eerste Afrikaanse nuusblad, *Die Afrikaanse Patriot*, het op 15 Januarie 1876 verskyn, onder redaksie van die joernalis Daniël Francois du Toit en sy broer, ds Stefanus Jacobus du Toit (pa van die digter *Totius*).



DIE
Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."—*Het vijfde Gebod.*

DEEL I.] SATURDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

"AFRIKAANSE PATRIOT,"

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een "*Patriot*" is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:—klein, maar fluks.

## AFRIKAANS 100 (vervolg)



Die inleidende paragraaf van daardie eerste uitgawe lees soos volg: “Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei’e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei’e taal het nie.”

Op 8 Mei 1925 is die GRA se ideaal verwesenlik toe Afrikaans naas Engels as amptelike taal van die Unie erken is.

Op 14 Augustus 1975 is die Afrikaanse Taalmuseum geopen in die huis in die Paarl wat destyds aan Gideon Malherbe behoort het – die gebou waarin die Genootskap presies 100 jaar tevore gestig is. Die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl is ook in 1975 geopen.

Vanjaar, 150 jaar ná die stigting van die GRA, vier ons die eeufees van Afrikaans as amptelike taal.

Dit beteken egter nie almal skryf die taal ewe goed nie.
Kyk of jy die kennisgewing hier regs kan ontsyfer …




## DAMESKLUB / *LADIES’ CLUB*

Hier is ons al weer in die tweede maand van 2025. Mag dit voorwaar met almal geseënd verloop.

Elke begin van die jaar stel ons (die komitee) ’n program op vir die jaar se werksaamhede. Soms moet ons aanpassings maak, maar die program bly ’n goeie riglyn.

Ons beplan uitstappies – en om fondse te in, beplan ons binnekort ’n koekverkoping en later in die jaar om melkkos met kaneelsuiker te verkoop.

Vrouemaand beplan ons iets spesiaals.

Hou die afkondigings dop.







Met ons Februarie-byeenkoms op die 5de was ons bevoorreg om Sr Maricel se visie en planne vir die sorgsentrum “uit die perd se bek” te verneem.

Ons is tans in die liefdesmaand –

Liefde kan nie gekoop, gebedel of gesteel word nie. Jy kan dit slegs weggee of uitdeel.
Daarom hoef liefde nie perfek te wees nie; dit moet net opreg wees.

**Gezina Lombard**

Of ons nou as enkelpersoon ’n eenheid in Olive Crescent bewoon, of so geseënd is om nog saam met ’n lewensmaat hier te woon, moet ons onthou dat krisisse en terugslae ons skielik en onverwags kan tref. Een van die beste bewyse dat ons werklik vir ons geliefde(s) omgee, is om voorsorg te tref sodat daardie spesiale persoon inligting en ’n netwerk het om op terug te val as ons skielik sou “wegval” (’n ernstige besering of siekte opdoen, of selfs sterf).

Die lysie items hier onder is ’n kontrolelys en bedoel om jou te help seker maak jou gade – of kind(ers) of familielid – het toegang tot dringend noodsaaklike inligting en middele in geval van ’n onverwagte krisis. Weet sy/hy waar die volgende is, en het sy/hy toegang tot daardie inligting en hulpmiddels?

Maak gerus seker en merk af (Ja/Nee). Kom ons doen dit almal vóór 14 Februarie (vanjaar!)

**Noodgevalle / Hospitaal toe**

| | |
|---|---|
| Mediese fonds: lidnommer en ledekaart | |
| ID: verkieslik ’n onlangs gesertifiseerde afskrif | |
| Bankkaart(e): debiet/kredietkaart, PIN-nommer(s) – net aan vertroueling(e) bekend! | |
| Huisdokter: naam en kontaknommer | |
| Medikasie: jongste (geldige) voorskrif, kroniese medisyne, allergieë, vorige operasies | |
| Lewende testament (eie wense t o v lewensondersteunende mediese apparaat/middele) | |
| Troeteldiere: wie kan hulle versorg? | |

**Sterfte**

| | |
|---|---|
| Begrafnispolis: polisnommer en ondernemer se kontaknommer | |
| Testament: oorspronklike dokument; wie hou afskrifte? | |
| Huweliksertifikaat en huweliksvoorwaardekontrak | |
| Kontaknommers: gade, kinders, ander naasbestaandes; huisdokter, predikant | |
| Pensioenfonds: fondsnaam en pensioennommer | |
| Lewensversekering en annuïteite: instansie(s) en kontraknommer(s) | |
| Belasting: verwysingsnommer, jongste opgawe | |
| Korttermynversekering: kontraknommer en polisskedule | |
| Vaste eiendom: verbanddokumente en/of titelakte | |
| Voertuie: registrasiesertifikaat en geldige lisensie | |
| Vuurwapenlisensie(s) | |

## DAGBOEK & SAMESYN — *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:20 en VRYDAE 09:20 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |